



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Namakwaland en sy Mense: Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 - 21 Augustus 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!


16 – 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

'n Reis deur Namakwaland gaan oor meer as net die mooi landskap waarvoor die streek bekend is.

Dit gaan oor die mense wat hier woon, die stories wat van een geslag na die volgende vertel word en die besondere gasvryheid wat jy langs die pad ervaar. Van die Cederberg en die Weskus tot in die hartjie van Namakwaland, ontdek ons 'n streek waar mense, plekke en stories saam 'n groter prentjie vorm – met die bekende veldblomme as deel van die landskap.



DAG 1: Maandag, 16 Augustus 2027

Ons avontuur begin vroegoggend wanneer ons vanaf O.R. Tambo Internasionale Lughawe na Kaapstad reis. Ná ons aankoms is daar tyd vir 'n vinnige koffie saam met ou en nuwe vriende voordat ons die pad vat, met die Weskus en Namakwaland voor ons.

Ons voertuie wag vir ons by Kaapstad Internasionale Lughawe en van hier af ry ons na Durbanville Hills Wyne, waar ons oor 'n ligte middagete saam kuier. Hier kry ons kans om mekaar beter te leer ken en die reis saam te begin.

Van Durbanville Hills af vertrek ons in die rigting van Ceres en verder na die Cederberg, 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied. Die streek is bekend vir sy dramatiese sandsteenformasies, ruwe berge en besonderse natuurskoon.





Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 – 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*



Soos ons die vrugbare valleie agterlaat, verander die landskap geleidelik na die wilde, oop wêreld van die Cederberg.

Ons arriveer by Kromrivier, ons tuiste vir die volgende twee aande. Hier kry ons kans om die plaas en sy omgewing te verken, die vars berglug in te asem en 'n bietjie asem te skep ná die dag se reis. Vir dié wat wil, is daar ook geleentheid om Kromrivier se plaaslik gebroude bier te proe, gemaak van suiwer bergbronwater.

Vanaand kuier ons saam om die tafel met waterblommetjebredie op die spyskaart – na bewering een van C. Louis Leipoldt se gunstelinggeregte en 'n bekende deel van die streek se koskultuur. Dis juis deur kos, stories en die mense wat dit met ons deel, dat 'n mens 'n plek op 'n ander manier leer ken. Met die Cederberg as agtergrond, lekker kos en goeie geselskap, sluit ons ons eerste dag in die berge af.

Oornag in die Cederberg (Ligte Middagete en Aandete)

DAG 2: Dinsdag, 17 Augustus 2027

Vandag ontdek ons meer van die Cederberg en die stories wat hierdie streek oor duisende jare heen bewaar. Ons bestemming is die beroemde Stadsaal-grotte, 'n erfenisterrein waar besoekers al vir geslagte lank kom om die streek se geskiedenis en besondere rotskuns te bewonder. Hier, tussen die berge, kry ons 'n ander blik op die Cederberg – nie net deur die landskap nie, maar ook deur die stories van die mense wat hierdie gebied lank voor ons hul ontmoet plek genoem het.

Die grotte is veral bekend vir hul ou San-rotskuns – met van die bes bewaarde voorbeelde van hul soort ter wêreld.



Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 – 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

Die fyn skilderye van mense, diere en spirituele simbole bied 'n blik op die streek se ryk kulturele geskiedenis. Ons hou 'n stylvolle piekniek in die koel skadu van die grotte en geniet die uitsig saam terwyl ons proe aan die Nieuwoudt's se bekroonde wyne. 'n Perfekte samesmelting van avontuur, natuur en rustige ontspan.

Later keer ons terug na ons verblyf, waar ons die dag om die vuur afsluit met 'n gesellige braai, kompleet met braaibroodjies. Soos die son stadig sak en die berge lang skadu's oor die vallei gooi, is daar tyd om terug te sit en die warmte van die vuur, die geure van die rooster en die stilte van die Sederberge om ons te geniet - 'n aand wat ons lank sal bybly.

Oornag in die Cederberg (Ontbyt, Middagete, Aandete)

DAG 3: Woensdag, 18 Augustus 2027

Ná ontbyt groet ons die Cederberg en vertrek ons in die rigting van die Weskus. Die berge maak geleidelik plek vir oop vlaktes en die kenmerkende kuslandskap van die Weskus soos ons nader aan die see beweeg.

Ons roete neem ons deur die Weskus Nasionale Park, wat 'n tuiste bied aan 'n verskeidenheid fauna en flora wat eie is aan die streek. Hier kan ons onder meer bergsebras, rooihartbeeste en elande sien, asook 'n ongelooflike verskeidenheid seisoenale veldblomme. Ons verken van die park se bekendste gebiede, insluitend Preekstoel en Postberg, met tyd om die natuurskoon te geniet en vir wild uit te kyk.

Van die park af reis ons verder langs die kus na Saldanhabaai, ons bestemming vir die aand.

Ná ons aankoms en inboek is daar tyd om te ontspan en die omgewing te geniet voordat ons later bymekaarkom vir aandete. Dit is 'n geleentheid om die dag se ontdekkings te deel, lekker saam te kuier en die ontspanne atmosfeer van die Weskus te ervaar.

Oornag in Saldanhabaai (Ontbyt en Aandete)





Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 – 21 Augustus 2027


R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

DAG 4: Donderdag, 19 Augustus 2027

Vandag laat ons Saldanhabaai agter en reis ons verder noordwaarts, weg van die Weskus en dieper die Namakwaland in, met Garies as ons volgende bestemming. Soos die landskap verander, begin die eerste tekens van die blomseisoen langs die pad verskyn. Wanneer die toestande reg is, verander die veld geleidelik in 'n kleurvolle tapyt – een van die redes waarom hierdie streek elke jaar soveel besoekers lok.

Ons stop by Tietiesbaai en maak ook 'n draai by 'n stoute plaaslike kroeg voordat ons by ons spesiale middagete-stop aankom.



Muisbosskerm, die bekende oop-lug restaurant, laat jou die eenvoud van vars seekos ervaar, perfek vir ons oor oop vure voorberei. Met jou voete in die sand, 'n glas wyn in die hand en die klank van branders wat naby breek, is dit 'n ware hoogtepunt van die reis – 'n ervaring van kuslewe op sy beste.

Ná middagete reis ons verder na Garies, waar ons op egte Namakwalandse wyse hartlik ontvang word. Hier leer ons nie net die dorp ken nie, maar ook van die mense wat hierdie klein gemeenskap hul tuiste noem. Deur die stories, kos en hartlikheid van die mense kry ons 'n eerste kykie na 'n kant van Namakwaland wat jy nie sommer in die verbygaan te sien kry nie. Met knus verblyf, plaaslike kos en lekker saamkuier, begin Garies vinnig soos meer as net 'n oornagplek voel.

Oornag in Garies (Ontbyt, Middagete en Aandete)



Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 – 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

DAG 5: Vrydag, 20 Augustus 2027

Ons begin die dag met 'n heerlike ontbyt, maar niemand kan lank stilsta nie – want vandag is die dag waarvoor ons gewag het. Vandag verken ons die kleurvolle wêreld van Namakwaland en sy blomme saam met 'n plaaslike kenner wat die veld soos sy eie agterplaas ken. Hy deel nie net sy uitgebreide kennis van die flora nie, maar ook persoonlike stories en insigte oor die streek – 'n unieke perspektief wat min besoekers te beurt val. Onder sy kundige leiding volg ons die beste roetes om die mooiste blomvertonings te ontdek.

Op pad na die blomme, begin ons dag met 'n plaaslike “Uber”-rit wat 'n heel nuwe betekenis aan die woord gaan gee... maar vir eers bly dit 'n verrassing. Ons bestemming is die gewilde Toeristestal in Garies, waar rakke vol tuisgemaakte lekkernye, plaaslike kunswerke en unieke items wag om ontdek te word. Dis die ideale plek om iets besonder te koop voordat ons die blommekleure van Namakwaland gaan verken.

Daarna volg 'n pragtige rit deur die Kamiesberge, oor twee indrukwekkende bergpasse op pad na Kamieskroon. Langs die pad kom ons ook op die graf van luitenant Darter af – 'n Engelse offisier wat hier tydens die Anglo-Boereoorlog gesneeu het.

Die hoogtepunt van ons dag is die besoek aan die Skilpad Nasionale Park (indien moontlik) – een van die Mekkas van blomme in Namakwaland. Middagete is 'n eenvoudige piekniek iewers tussen die veldblomme, waar ons omring word deur 'n skouspel van gousblomme, vygies, perdeblomme, gansogies, Piet-snotte, moederkappies, katsterte, sporries en koringblomme – om maar net 'n paar te noem. Ons spandeer genoeg tyd om die park te verken en die pragtige landskappe in te neem, waar duisende blomme en vetplante 'n fassinerende natuurlike tapisserie vorm.

Na 'n volle dag in die skoonheid van die natuur, ry ons rustig terug na Garies, waar 'n heerlike tradisionele ete van afval op ons wag (moenie bekommer nie, daar is ook “mak” kos vir diegene wat dit verkies)– die ideale afsluiting van ons laaste aand in Namakwaland.

Oornag in Garies (Ontbyt, Piekniekmiddagete en Aandete)

DAG 6: Saterdag, 21 Augustus 2027

Dis 'n vroeë oggend wanneer ons totsiens sê vir Garies en die mense wat ons hier met soveel hartlikheid ontvang het. Met die laaste blik op hierdie klein dorpie pak ons die lang pad terug Kaapstad toe aan.





Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 – 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*


R29 100 Per enkel persoon*

Ons stop in Clanwilliam by 'n karaktervolle plaasstalletjie vir 'n ligte middagete. Dit is die perfekte plek om 'n bietjie bene te rek, iets lekker vir die pad te kry en nog 'n laaste bietjie atmosfeer van die platteland te geniet voordat ons ons reis voortsit.

Van Clanwilliam af ry ons verder in die rigting van Kaapstad vir ons vlug huiswaarts. Namakwaland laat ons agter, maar die stories, die lag, die blomme en die oomblikke wat ons langs die pad gedeel het, reis saam met ons. Want uiteindelik is dit waarvoor ons reis – om nuwe plekke te ontdek, nuwe mense te ontmoet en met herinneringe huis toe te gaan wat nog lank ná die reis by ons sal bly.

(Ontbyt en Ligte Middagete)

LET WEL: Roetes kan verander, afhangend van waar die blomme is, en ons pas die roete aan om 'n onvergeetlike ervaring te verseker.



Pakket Sluit In:

- Vervoer in gerieflike minibusse van en na Kaapstad
- 2 Nagte akkommodasie in die Cederberge met ontbyt
- 1 Nag akkommodasie in Saldanhabaai met ontbyt
- 2 Nagte akkommodasie in Garies met ontbyt
- Ligte Middagete by Durbanville Hills Wyne
- Seekosmiddagete by Muisbosskerm
- Piekniekmiddagete en wynproe by Kromrivier
- Piekniekmiddagete in die Skilpad Nasionale Park
- Ligte middagete op Clanwilliam
- Daaglikse aandete
- Ingangs- en bewaringsfooie by die Nasionale Parke
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer

Pakket Sluit Uit:

- Binnelandse vlugte
- Aktiwiteite (tensy anders gespesifiseer)
- Maaltye en drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Alle fooitjies
- Persoonlike uitgawes

Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 - 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

Belangrik:

- Daar is geen waarborg om die blomme in Namakwaland te sien nie - dit is die natuur wat besluit wanneer die skouspel begin en eindig
- Jy is welkom om 'n klein koelhouer met alkoholiese en nie-alkoholiese drankies en peuselhappies van jou keuse saam te bring vir jou gerief en genot. Alkohol is egter vrylik beskikbaar, indien jy nie wil saambring nie.
- 'n Vorm van identifikasie word vereis vir jou binnelandse vlugte (ID / Bestuurslisensie).
- Indien jy vatbaar is vir hooikoors in stowwerige gebiede, bring asseblief die nodige medikasie.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 2 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n maand voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.





Namakwaland en sy Mense:

Waar Blomme bloot 'n Bonus is!

16 - 21 Augustus 2027

R26 500 Per persoon wat deel*

R29 100 Per enkel persoon*

Wat Nou...?

Volg hierdie stappe om jou bespreking te bevestig:

STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan nodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na die mees fassinerende vakansie van jou lewe!

Deposito:

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R8 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om 'n deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalinge en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R8 000 is teen 31 Januarie 2027 betaalbaar.
- Die uitstaande balans is betaalbaar teen 30 April 2027 betaalbaar.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Die reisplan kan wissel na gelang van die besluit van die reisoperateurs en ook gebaseer op veiligheid.
- In die verlede het ons net heerlike weer beleef - maar bring gerus klere vir koeler aande en skielike verandering in die weer.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam : LeefJouReis TWF
Bank : Standard Bank
Takkode : 051001
Rekeningnommer : 012324523

Deposito verwysingsnommer: BLOM27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

R26 500 Per persoon wat deel* | **R29 100** Per enkel persoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747



 **TWF**
INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd